



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

14 Oktober 2021

Gedagte vir die week:

As jy 'n wiskundesom wil maak oor of jy wil/moet vergewe of nie, los dit maar!

Vertrekpunt:

Matteus 18:15-35

Meditasie uit die Woord:

Ek wonder of 'n mens die reg en die vermoë het om te vergewe. Miskien kan ek 'n ander mens vergewe vir die effek wat sy sonde op my het, maar dit is seker maar al. Ek kan nie sy sonde volledig vergewe nie. Nét God kan dit doen. Ek kan hom wel vrysprek van die effek wat sy sonde op my lewe het, maar nét God kan hom volledig vrysprek van sy sondeskuld. In hierdie proses bevry ek myself van enige vorm van haat, kwaad, negatiewe gevoelens, bitterheid, wraakgedagtes, vergeldingsplanne en nog baie ander gevoelens en gedagtes wat my uiteindelik siek kan maak. Ek het nog maar min iemand gaan aanspreek oor sonde wat teen my gepleeg is, alhoewel ek daarvan bewus was. Mense mag my maar seermaak, ek is tog nie verhewe bo seer en pyn nie. My ego kan tog nie só groot wees dat niemand 'n negatiewe waarheid of onwaarheid oor my mag sê nie. Na alles het ek ookal mense seergemaak met negatiewe waarhede en onwaarhede in gesprekke waaraan ek óf passief óf aktief deelgeneem het. So ek weet nie so lekker van hierdie aanspreke van jou broer nie. Ek wil eintlik minder bewus wees van sonde wat my broer teen my pleeg en meer bewus wees van sonde wat ek teen my broer pleeg. Ek hou meer van die koning se houding in ons teks van die week. Hy tel nie soos Petrus nie, hy probeer nie uit die vergifnisding uitkom nie. Sy hart is só groot en oop en wyd dat hy uit sy eie en sonder meer skuld afskryf. Later raak die koning wel kwaad, maar nie oor skuld wat die amptenaar gemaak het nie, maar omdat die amptenaar nie die genade wat hy ontvang het deurgegee het nie. As 'n mens "Amazing grace" sing, moet 'n mens dit ook praat en doen. Die genade/vergifnis wat ek ontvang, moet ek ook gee, of eerder, wil ek ook gee.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 17 Oktober 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Ons gaan weer sing, dankbewyse bring en hopelik mekaar se teenwoordigheid geniet. Daar sal wel kleuterkerk wees vir die voorskoolse kinders. Die laerskool- en hoërskoolkinders kom vir eers saam met hulle ouers na die kerkgebou. Jy kan ook aan 'n digitale reisgesprek vir hierdie week deelneem by

<https://youtu.be/EnNLInU5lac>

Meditasie uit die Lewe:

Ek was onlangs vir tien dae in Nederland. As ek die lemoen van my ervaring moet uitdruk, sien ek die beeld van 'n pa en sy kind(ers). Oral waar ek gegaan het was daar pa's wat met hulle kinders rondloop. Dit was nie nét in naweke nie, maar ook deur die week. Op Vrydagoggend, 8 Oktober 2021, in die Plaswijk Kinderpark in Rotterdam was daar talle vaders wat alleen saam met hulle kind(ers) rondgeloopt het, boot gery het, treintjie gery het, gespeel het ensovoorts. Ek dink dit het my opgeval omdat 'n mens in Suid-Afrika gewoonlik ma's en hulle kinders op straat sien. Ek verneem dat Nederlandse vaders kan kies, om wanneer hulle kinders klein is, nét vier dae 'n week te werk met 'n klein afwaartse aanpassing in hulle vergoeding. Ek het baie sulke vaders gesien wat klaarblyklik weet dat tyd saam met en betrokkenheid by hulle kinders nie in geldwaarde gemeet kan word nie. Dit bly my by en ek wens ek kan my vaderskap oordoen. En ja, ek hoor die protesstemme wat sê: "en wat van die brood op die tafel?" Goeie vraag. Lewers het Jesus iets gesê van 'n mens kan nie van brood alleen lewe nie. Dit gaan seker oor balans. Niemand word aangekla nie, niemand word beskuldig nie, ek vertel maar net wat ek gesien het.

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respektvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com